

Prikkel Voeding vir hoër Fekunditeit en Vrugbaarheid

(Geskrif deur: Raché Stofberg, Dierevoedingskundige, Wesfed voere) Augustus 2015

Voeding gedurende die teel seisoen het die grootste impak op die sukses en winsgewendheid van 'n skaap onderneming se persentasie bemerkbare lammers. Die doelwitte van die teel seisoen is om die aantal oop ooie so laag as moontlik te hou, die ovulasie tempo so hoog as moontlik te hou en 'n lae voorkoms van embrioniese mortaliteite te hê. Hierdie doelwitte kan bereik word deur ooie in 'n optimale liggaams kondisie te kry voor dekking.

Wat is Prikkel Voeding?

Prikkel voeding is die term wat gebruik word wanneer diere van 'n lae na 'n hoë voedingspeil oorgeskakel word voor dekking. Dit kan in die vorm van aanvullende voeding, of beter kwaliteit weidings wees. Die energie en proteïen inhoud van die rantsoen word dus verhoog, wat 'n direkte invloed op die ovulasie tempo het, en dus ook 'n hoër lam persentasie tot gevolg kan hê. Die ovulasie tempo is die primêre faktor wat die fekunditeit en vrugbaarheid van die kudde beïnvloed. Die prikkel periode duur gewoonlik 3 weke (± 17 dae) voor dekking, maar kan varieër in lengte afhangend van die kudde se huidige liggaams kondisie.

Respons Faktore

Die respons op prikkel voeding word beïnvloed deur:

- Ouderdom van die ooi (volwasse ooie reageer beter op prikkel voeding as jong ooie)
- Ras (produktiewe rasse het 'n kleiner respons)

- Liggaams kondisie (maerder ooie het 'n groter respons as bo-gemiddelde kondisie ooie)
- Fase van die teel seisoen (die beste respons word vroeg en laat in die teel seisoen gesien)

Prikkelvoeding is veral voordelig vir maer ooie wat nog nie herstel het van vorige laktasie-stres nie. Ooie wat te vet is (bo-gemiddelde kondisie telling) sal geen respons toon op prikkel voeding nie.

Dit is die beste om prikkelvoeding aan ooie te voorsien wat 'n liggaams kondisie telling van 2-2.5 het, om sodoende hul kondisie telling te verhoog na 3-3.5. Ooie wat op 'n stygende voedingspeil is sal meer eierselle vrystel as ooie wat op 'n bestendige voedingspeil is. Hierdie ooie wat gewig optel in die laaste paar weke voor dekking, is meer geneig om dragtig te raak en tweeling of drieling te hê as ooie wat in 'n swakker kondisie is. Dit neem ongeveer 6 weke vir ooie wat op 'n goeie weiding is, om met 'n kondisie telling van 1 te verbeter, en 3 weke op goeie weiding om met 'n halwe kondisie telling te verbeter. Die volgende tabel dui die vereisde periode aan wat nodig is om ooie wat in 'n ondergemiddelde kondisie is te laat optel na die ideale dek kondisie.

TABEL 1 Prikkel periode nodig om ideale dek kondisie telling te bereik

Ooi liggaams kondisie telling voor prikkel	Prikkel periode
1.5	9 weke
2.0	6 weke
2.5	3 weke
3.0	2 weke

Ooie wat al klaar in ideale liggaams kondisie is, moet eers rondom 2 weke voor dek spesiale voeding ontvang, en ten minste 2-4 weke in teel seisoen voortduur daarmee. Die rede hiervoor is om vroeë embryo mortaliteite te verminder. Die ekstra voeding verseker dat die bevrugte eierselle 'n baie beter kans het om aan die uterus wand vas te heg, en nie geherabsobeer word deur die liggaam as gevolg van te min energie vanaf die ooi nie.

Dit is belangrik om nie te lank na die teel seisoen voort te gaan met prikkel voeding nie, want dit is nie net onnodig duur nie, maar dit help ook nie verder met ooi prestasie en produktiwiteit onder 'n onderhouds voedings program nie. Dit kan ook 'n negatiewe invloed op die oorlewing van die embryo's hê, omdat die progesteron vlakke sal daal. Progesteron is die hormoon wat verantwoordelik is vir die onderhoud van die embryo deur die dragtige siklus.

Nutriënt Behoefte vir Prikkel

Prikkel voeding verskaf 25% meer nutriënte bo die onderhouds vlak om sodoende hoër vrugbaarheid en fekunditeit syfers in die kudde waar te neem. Volgens tabel 2 is dit duidelik dat die daaglikse TVN (Totale

Verteerbare Nutriënte) varieër tussen 0.94 en 1.18 kg soos die dier volwassenheid bereik.

Die droë materiaal (DM) inname per dier as 'n persentasie van liggaams massa wissel rondom 3.2 tot 2.2%, energie tussen 14.23 en 17.57 MJ/kg en ru-proteïen tussen 150 en 177 g per dag.

Prikkel voeding voor die paar seisoen is nie net nodig vir ooi nie, maar ook vir teelramme sodat hul volle genetiese reproduksie potensiaal benut kan word. Teelramme moet in 'n uitstekende kondisie wees (kondisie telling van 3.5 tot 4.0) om hoë besettings syfers en fekunditeit in die kudde te sien. Daar moet egter gelet word dat hierdie ramme nie oorvet en onfiks is nie, want dit sal hul geslagsdrang en besetting syfers negatief beïnvloed.

Om hoë ovulasie tempo's te verseker, moet onder-kondisie ooi minstens twee maande voor die teel seisoen 'n prikkel rantsoen ontvang om 'n stygende liggaams massa te kry. Teelramme se spermsel ontwikkeling neem ongeveer twee maande, daarom moet hul ongeveer twee maande voor die teel seisoen 'n deurvloeiproteïen prikkel rantsoen ontvang.

TABEL 2 Daaglikse Nutriënt Behoefte vir Prikkel Voeding (2 weke voor dek en eerste 3 weke van dek periode)

LIGGAAMS MASSA	MASSA VERANDER / DAG	DM / DIER		NUTRIËNTE PER DIER							
				ENERGIE			RU-PROTEÏEN	Ca	P	VIT A (aktief)	VIT E (aktief)
				TVN (kg)	VE (MJ/kg)	ME (MJ/kg)					
(kg)	(g)	(kg)	(% liggaams massa)				(g)	(g)	(g)	(IU)	(IU)
50	100	1.6	3.2	0.94	17.15	14.23	150	5.3	2.6	2,350	24
60	100	1.7	2.8	1.00	18.41	15.06	157	5.5	2.9	2,820	26
70	100	1.8	2.6	1.06	19.66	15.90	164	5.7	3.2	3,290	27
80	100	1.9	2.4	1.12	20.50	16.74	171	5.9	3.6	3,760	28
90	100	2.0	2.2	1.18	21.34	17.57	177	6.1	3.9	4,230	30

Wesfed Voorstel

Wesfed se **Maksilam 55** is 'n uitstekend proteïen konsentraat om te gebruik tydens die prikkel periode. Die insluiting van geëkstrueerde proteïen bronne verhoog die verbyvloei proteïen inhoud in die rantsoen wat help met groei en uier ontwikkeling.




MAKSILAM 55

Maksilam 55 kan gebruik word tesame met klein grane en goeie verteerbare vesel bronne soos lusern om 'n volvoer te verskaf aan ooie tydens prikkel. Dit kan ook as 'n aanvullende voeding gegee word vir ooie wat op goeie weidings loop. Die insluiting van 'n mineraal en vitamien pak verseker dat die ooi gesond en gebalanseerd die dek tyd ingaan. Raadpleeg 'n Wesfed voedingskudige vir rantsoen voorstelle.

VOORGESTELDE PRIKKEL RANTSOEN:

Rou materiaal	Volvoer	Lek
Maksilam 55	100 kg	250 kg
Mielies	550 kg	560 kg
Lusern	250 kg	-
Melassemeel	80 kg	80 kg
Sout	10 kg	100 kg
Voerkalk	10 kg	10 kg
TOTAAL	1000 kg	1000 kg
<i>Inname/ooi/dag</i>	<i>Sien tabel 2</i>	<i>600gram</i>
<i>Inname/ram/dag</i>	<i>Sien tabel 2</i>	<i>300gram</i>

Samevatting

'n Goeie prikkel voedings program verhoog nie net die vrugbaarheid van die kudde nie, maar het ook hoër fekunditeit syfers tot gevolg wat sorg vir hoër lam persentasies. 'n Kudde kan slegs hul volle genetiese reproduksie potensiaal bereik indien voeding en bestuur optimaal is. Goeie bestuur en korrekte voeding is dus van kardinale belang om 'n winsgewende skaap onderneming te verseker. 



Email: rache@wesfed.co.za

Website: <http://www.wesfed.co.za/>

Cell: +27 72 662 2829

Work: +27 22 433 4706

Moorreesburg

7310